



Posbus 7113, Newtonpark, 6055  
Telefoon (041) 3651233  
Faks (041) 3652586  
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

*'n Blink toekoms begin hier!*

## NUUSBRIEF 24 30 JULIE 2021

### UIT DIE KANTOOR

Goeie dag Ouers

#### **DERDE KWARTAAL 2021**

Die wintervakansie is verby en alreeds is die eerste week van die derde kwartaal ook op sy rug! Die derde kwartaal is 'n baie bedrywige akademiese kwartaal. Ek wens almal 'n aangename kwartaal toe waar ons weereens as Newtonpark-familie sal hande vat en 'n sukses maak van alles wat ons aanpak.

#### **RAPPORTE EN OUERBESOEKE**

Die leerlinge het vandag hul rapporte ontvang. Teken solank 10 Augustus 2021 aan as die datum vir die ouerbeseke aan u kind se onderwyser.

Sommige van u sal briefies kry om die onderskeie onderwysers te kom sien. Kom asseblief daardie afspraak na ter wille van u kind. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel wil dankie sê vir hulle harde werk.

#### **KOM ONS BID**

Daar is van ons ouers asook personeel se families wat tans ernstig siek is. Ons wil almal vra om saam met ons vir hul spoedige herstel in die moeilike tye te bid.

#### **KOS VIR POUSE**

Ouers, doen asseblief moeite om vir julle kinders gesonde kos skool toe in te pak. Moenie **nét** geld in hulle hande stop om iets by die snoepie te gaan koop nie. Daar is kinders wat geen kos skool toe bring nie, en dan honger raak. Honger kinders kan nie dink nie! Skakel asseblief die skoolhoof indien daar 'n probleem is.

#### **PLANTE VIR SKOOLTUIN**

Ons plaas die advertensie vandag vir die laaste keer. Mnr. Impey is nog opsoek na plante wat u aan die skool kan skenk as u dalk u tuine 'n bietjie uitdun. Ons is nog opsoek na ongeveer 50 clivia plante. Ons sal dit waardeer as u ons kan laat weet indien u enige beskikbaar het.

## MCNEWTONPARK SOSATIE-SENSASIE + RAISIN LEGENDS FONDSINSAMELINGS

Baie dankie aan elke ouer se ondersteuning met beide hierdie fondsinsamelings tot dusver.

Ons bevestig graag die nuwe bestel- en betaaldatums hieronder:

- Sosaties finale betaaldatum : Vrydag, 6 Augustus vir afhaal op Woensdag, 11 Augustus
- Raisin Legends bestel- en betaaldatum : Donderdag, 12 Augustus. Bestelling word dan 14 Augustus geplaas word en Vrydag, 20 Augustus sal die afhaaldatum wees.



## SKOOL KOMMUNIKEERDER

Ons herinner u dat hierdie elektroniese program **ons hoofmedium van kommunikasie met u is.**

Om die program gratis op u rekenaar af te laai, moet u net D6 by die Google soekfunksie intik, en die "D6 School Communicator" kan dan afgelaai word. Hierdie program verskyn elke oggend op u rekenaar se skerm en u kan dan sien watter boodskappe uitgestuur is en ook wat op die kalender gaan plaasvind.

Die program sal ook gebruik word om dringende boodskappe aan u te stuur. In so 'n geval verskyn daar onmiddellik 'n kennisgewing op u skerm. Die program kan bestuur word sodat u slegs inligting ontvang wat op u van toepassing is.

Die kommunikeerder kan as 'n toepassing op u androidfoon afgelaai word. Dit werk baie goed en boodskappe en inligting van die skool is dan altyd byderhand.

## SKOOLGELDE 2021

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die skoolgelde EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal. Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan [fin@lnpark.co.za](mailto:fin@lnpark.co.za) e-pos.

**Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar.** Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

## ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM      **LAERSKOOL NEWTONPARK**  
BANK                    **ABSA**  
REKENINGNOMMER   **1400490089**  
TAKKODE              **632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na [fin@lnpark.co.za](mailto:fin@lnpark.co.za) gestuur word.

### GEDAGTE VIR DIE WEEK



SKOOLHOOF

E-pos: [skoolhoof@lnpark.co.za](mailto:skoolhoof@lnpark.co.za)

Tel : 0846935318

## ALGEMEEN

### BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 2 Augustus	:	<b>Skoolbywoning : Groep A + B</b> <b>Klerewinkel 07:30-12:00</b>
Di – 3 Augustus	:	<b>Skoolbywoning : Groep A + B</b>
Wo – 4 Augustus	:	<b>Skoolbywoning : Groep A + B</b> <b>Klerewinkel 12:00-14:30</b>
Do – 5 Augustus	:	<b>Skoolbywoning : Groep A + B</b>
Vr – 6 Augustus	:	<b>Skoolbywoning : Groep A + B</b> <b>Klerewinkel 07:30-12:00</b>

# SPORT & KULTUUR

## SWEM

Die 2020/2021 swemseisoen het tot 'n einde gekom in Mei 2021. Volgens die Suid Afrikaanse Nasionale Swem ranglys vir dogters 9 tot 10 jaar is Isabel Kühn in graad 5Z as volg gelys:

50m vryslag :	1ste
100m vryslag :	3de
50m rugslag :	3de
200m IM :	6de
200m vryslag :	9de
100m rugslag :	11de

Baie geluk met hierdie uitstaande prestasies, Isabel!

## FOTOFOKUS KOMPETISIE

Nina Latham in graad 4M het aan 'n kompetisie aangebied deur Fotofokus deelgeneem. Die weners van hierdie kompetisie sal dan verskyn in 'n musiekvideo van Kurt Darren/Adam. Nina was die Vervaardigerskeuse tydens die aankondiging van die weners. Ons wag tans om te hoor wanneer sy Johannesburg toe moet gaan vir die video-opname. Baie geluk, Nina!

